## Ons moet ons visie van nierassigheid vergestalt

**Nico Koopman***

Suid-Afrikaners vier elke jaar op 24 September Erfenisdag. In een van ons groot erfenisse, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, verbind ons ons daartoe om ʼn samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir mense van alle agtergronde te bou. Terwyl ons ons ryk en uiteenlopende kulturele erfenis op hierdie dag vier, moet ons mekaar ook daaraan herinner dat ons nog nie daar is nie. Wat ons kan help om daar te kom, is nierassigheid.

Dit sal regverdig wees om te sê dat byna alle Suid-Afrikaners die visie van nierassigheid en ʼn hongerte vir die dag wat dit ten volle verwesenlik word, deel.

Maar hoe moet ons nierassigheid in die konteks van erfenis verstaan?

Nierassigheid beteken ons aanvaar daar bestaan net een menslike ras met ʼn groot verskeidenheid klasse, kleure, kulture, geloofsbelydenisse, belydenisse, geslagte, oriëntasies en bekwaamheid. Nierassigheid beteken ons respekteer en eerbiedig, erken en aanvaar, vier en geniet elke mens as lid van die een menslike familie.

Nierassigheid impliseer ons erken die term "ras" is deur samelewings geskep om te onderskei en te diskrimineer, en dat hierdie term nie diepgaande, inherente biologiese, intellektuele, etiese, estetiese en geestelike eienskappe en vermoëns weerspieël nie.

Nierassigheid beteken ons meet nie mekaar se waardigheid, verdienstelikheid en waarde in terme van kategorieë soos kleur nie. Ons verdra, omhels en koester eerder ons diversiteit as Suid-Afrikaners.

Ek moet erken ek sukkel op ʼn eksistensiële vlak om die term "ras" te gebruik, aangesien dit in essensie lyk asof dit die idee dat ons een menslike familie is, verraai en bedreig. Die term as sodanig het besmet geraak. Ek verkies begrippe soos kleur, hoewel dit ook beperkings het. In hierdie sin sou nierassigheid dan beteken dat die term "ras" as sodanig uit ons woordeskat sou verdwyn.

Die strewe om rassisme te oorkom, moet met pogings gepaard gaan om euwels soos klassisme, seksisme, diskriminasie in terme van oriëntasie, bekwaamheid en xenofobie te oorkom.

Ons moet verskeie struikelblokke oorkom ten einde nierassigheid in ons persoonlike, professionele en openbare lewens te laat realiseer.

Sommige mense sukkel om te aanvaar dat uitnemende prestasie in harmonie kan staan met ʼn verskeidenheid kleure, klasse, kulture, geloofsbelydenisse, belydenisse, geslagte, oriëntasies, bekwaamheid, agtergronde, perspektiewe, idees, opinies en kennis. Hulle aanvaar nie dat om in ʼn gediversifiseerde en komplekse wêreld te floreer, ons ʼn verskeidenheid deelnemers en perspektiewe nodig het nie. Hulle aanvaar nie dat uitnemendheid in so ʼn wêreld nie moontlik is sonder ʼn ryk diversiteit nie; dat uitnemendheid floreer waar daar ʼn ryk diversiteit is nie. Maar wat hulle nie besef nie, is dat uitnemendheid en diversiteit nie in ʼn tweestryd is nie. Trouens, uitnemendheid en diversiteit sing ʼn duet. Wiskundiges leer ons dat namate diversiteit op die Y-as van die grafiek toeneem, uitnemendheid op die X-as toeneem. Die kromme van die grafiek loop dus in ʼn noord-oostelike rigting. Hoe ryker ons is in die diversiteit van mense en perspektiewe is, hoe ryker is ons in uitnemendheid in ʼn diverse en komplekse wêreld.

Nog ’n struikelblok vir nierassigheid is die feit dat meriete nie in sommige pogings om te diversifiseer – soos keuses vir ’n span en aanstellings in poste – in ag geneem word nie. In hierdie soort situasies maak ons eintlik seker dat die betrokke persoon gaan misluk. Sulke voorvalle gee skietgoed vir mense wat aanvoer dat diversiteit en uitnemendheid wedersyds uitsluitend is. Sulke gevalle van diversifisering sonder meriete belemmer die verwesenliking van nierassigheid.

Die gebruik van kategorieë soos ras as sondebok is ook ’n struikelblok vir die verwesenliking van nierassigheid. In enkele gevalle skryf ons mislukking toe aan ’n faktor soos ras, terwyl die mislukking eerder aan ’n swak werksetiek toegeskryf kan word.

Die ideaal van nierassigheid word ook belemmer deur ras toe te skryf aan wat ’n spesifieke eienskap van iemand kan wees. Iemand se onvriendelike en kwetsende gedrag word soms as rassisme beskou, terwyl daardie persoon ook onvriendelik teenoor persone van dieselfde kleurgroep kan wees.

’n Groot struikelblok vir nierassigheid is die werklikheid dat hoewel die meeste van ons saamstem dat ongelykhede langs rasselyne ontwikkel het, ons nie saamstem dat ons onvermydelik rassekategorieë moet gebruik om groter ewewig in ons samelewing te bereik nie. Daar is ’n mate van meriete in die argument dat ons in die gebruik van rassekategorieë die samelewing weer “rassifiseer”; ons versterk rassediskriminasie; en ons besoedel nuwe generasies met rassewoordeskat en rassediskriminasie.

In die lig van historiese en huidige ongelykhede wat meestal met ras belyn is, moet ons oor die gebruik van sulke kategorieë op ’n tussentydse grondslag praat om ewewig in ons samelewing te bewerkstellig. Die hoop is dat rassekategorieë sal verdwyn wanneer groter ewewig bereik word. Aan die ander kant kan die vermyding van rassetaal te midde van die werklikheid van sosio-ekonomiese ongelykheid en pyn wat nie uitsluitlik nie, maar hoofsaaklik met kleur belyn is, rassisme verder vaslê sonder die hoop vir ware bevryding en vryheid. Sommige instellings se pogings om slegs sosio-ekonomiese posisie as aanwyser vir regstelling te gebruik, was onsuksesvol omdat baie benadeelde kleurgroepe steeds uitgesluit word.

’n Minder sigbare struikelblok vir nierassigheid is die werklikheid van meestal onderbewuste rassistiese voorkeure, aannames en vooroordele van meerderwaardigheid en minderwaardigheid. Op ’n bewuste vlak kan ons teen rassisme wees, maar op 'n onderbewuste vlak kan ons steeds diskriminerende vooroordele koester. Hierdie vooroordele word dikwels in ons institusionele en samelewingstrukture, gebruike, praktyke, beleide, identiteite en kollektiewe karakter vergestalt. Om van hierdie vooroordele en gepaardgaande strukture bevry te word, moet ons mekaar daarvan bewus maak.

Ons moet organiseer en planne maak om daarvan ontslae te raak. En ons moet al ons hulpbronne mobiliseer om individue en instellings te bou wat tot ’n verenigde, nierassige, nieklassistiese, nieseksistiese, demokratiese Suid-Afrika bydra waar waardigheid, herstel, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal koning kraai. Ons moet dit ook in gedagte hou wanneer ons ons ryk diversiteit op Erfenisdag vier.

***Prof Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel by die Universiteit Stellenbosch.**